430.D8.1.2

1/4

TOESPRAAK DEUR SY EDELE P W BOTHA DVD LV, EERSTE MINISTER, TYDENS DIE AMPTELIKE INGEBRUIKNEMING VAN DIE HOOFKWARTIER : PAARL KOMMANDO OP 20 MAART 1982.

Geagte generaal Viljoen, hoogwaardigheidsbekleërs, eregaste, bevelvoerder, offisiere, adjudant-offisiere, onderoffisiere en manskappe van Paarl-Kommando, dames en here.

Die ingebruikneming van hierdie deftige en statige gebou as Hoofkwartier van Paarl-Kommando is 'n belangrike datum in die geskiedenis van die Kommando. Baie geluk aan u met die verwesentliking van die lang-gekoesterde ideaal om oor 'n doelmatige, eie hoofkwartier te beskik; iets waarvoor u oor die jare heen hard gewerk het!

In 1938/ ...



In 1912 is die hoeksteen van hierdie gebou deur generaal Hertzog, toentertyds Minister van Justisie, gelê. Die feit dat dit mooi opgeknap is vir die voortgesette gebruik is nie betekenisloos nie; dit is vir my tekenend van die Paarl en sy mense, 'n gemeenskap wat fundamenteel behoudend is, wat uit die verlede dit benut wat ook vir die toekoms goed is; wat erfenisse wil bewaar sonder om slawe van die geskiedenis te word, en wat praktiese denke toepas om tradisie en vooruitgang te harmoniseer.

Graag wy ek enkele gedagtes aan die begrip tradisie, en in die besonder aan die tradisie wat die Kommandomag in die geskiedenis van ons land omgewe. Reeds in 1687 het die

Kaapse Vryburgers/ ...

Kaapse Vryburgers die owerhede van die dag versoek dat 'n vrywillige militêre mag van burgers op die been gebring word ten einde diefstal en plundery aan bande te lê en ordelike naasbestaan te verseker. Uit ons geskiedenis, weet ons dat burgers uit eie wil altoos gewillig was om die wapen op te neem om hul kosbaarste besitting - vryheid - met mag en krag te beskerm. Oud en jonk het meegedoen aan die plig en die voorreg om beskawing, orde en regmatigheid die woesterny in te dra. Oor die eeue heen het hierdie bereidwilligheid tot diens in die belang van die breë gemeenskap 'n kenmerk van die Suid-Afrikaner geword, en is dit vandag nog 'n trotse tradisie op velerlei terreine van ons volkslewe, maar meer opvallend so in die militêre lewe. In 1948 het die Kommandostelsel in Suid-Afrika 'n nuwe beslag gekry en sedertdien het die Kommandomag as 'n volwaardige en integrale

deel van die/ ...



deel van die Suid-Afrikaanse Weermag sy rol met onderskeiding vervul. Dit is egter ook so dat veranderende omstandighede op militêre of ander gebiede tot vernuwing aanleiding gee, vernuwing nie met die doel om bestaande en werkbare sisteme sonder sin of rede te wysig nie, maar vernuwing om die eise van die tyd in die lig van beredenering, van onweerlegbare logika, die hoof te bied. Die tradisie van vrywillige militêre diens wentel om diensvaardigheid, nie om selfsug nie; om dinamiese doelgerigtheid, nie om verstoktheid nie. Daarom sal die owerhede nie huiwer, as dit in landsbelang is, om sodanige aanpassings aan die militêre stelsel te oorweeg as wat oorwinning oor ons vyande en voortgesette selfbeskikking sal waarborg nie.

ENGLISH/ ...

Paarl Commando is a good example of the important role the Commando Force plays in the Defence of the Republic. Six officers have already been honoured to receive the De Wet Decoration.

Two members have qualified for the Good Service Medal Gold - awarded for 30 years' service in the Defence Force and 125 members proudly wear the Pro Patria medal, awarded for service in the operational area. Some of these men are on parade here today. They deserve our grateful appreciation.

In the past our enemies have mainly been easy to identify. The nature of the threat that is posed to our way of life in recent times has been engineered with such guile that the

layman is at/ ...



layman is at times not even aware of the danger and has no grasp of the forces that we have to contend with. Military action in the operation area is given prominence but the more subtle undermining in various other spheres does not "make the news". This may result in the misconception that victory only depends on the efforts of the fighting forces in the field. This is definitely not the case - many dangers beset us, some so subtle and devious construed that the mind boggles when such plans are brought into the open.

The defence against these plans is that all South Africans cast their common lot with a united effort to assure our freedom, security, prosperity and peace. There are many areas in which these patriotic undertakings can be

furthered./ ...

furthered. And specifically with a view to this ceremony we are attending today - the contribution of all like-minded citizens can be to come forward in large numbers to serve in the Commando Forces.

Only through the full participation of the whole population can total preparedness be assured. In this regard service in the Commando presents a unique opportunity for every South African to participate in shaping the destiny of this country. Plato, the great Greek philosopher put it in a nutshell when he said that man was not born for himself alone but for his country.

AFRIKAANS

Ek is bewus daarvan dat hierdie Kommando ook in die

gemeenskap/ ...



gemeenskap van Paarl sy rol vervul. Uit waardering het die stadsvaders in April 1979 die Vryheid van Paarl aan die Kommando toegeken. Dit was 'n welverdiende eer wat getuig van welwillende samewerking en goeie gesindhede.

Aan die lede van die Paarl-Kommando dra ek die Regering se waardering en goeie wense oor. Mag voorspoed u deel wees in die verdere ontwikkeling van u Kommando. Dit is my bede dat die statigheid en waardigheid van die gebou wat u vandag in gebruik neem u sal inspireer om die toekoms met moed en trots, gegrondves op die beste van die verlede, te betree. Mag u die weg van plig en eer, van onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die roepstem van u vaderland en van die Allerhoogste bewandel.